

Dinsdag 26 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium
16:1-17

Fokusgedeelte: Deuteronomium
16:17

Op sý seën antwoord jy met jou gawe!

“Wat sal ’n mens gee as losprys vir sy siel?” vra Jesus in Matteus 16:26. Maar ons het niks om aan te bied nie ...

Israel was magteloos vasgevang in die slawebande van Egipteland. Self kon hulle hulself nie bevry nie. God het egter hulle ellende gesien en gehoor, en het Self vir hulle verlossing daargestel! Baie van die seremoniële feeste in die Ou Testament/Verbond, soos die Paasfees, die Fees van die weke en die Huttefees, het ten doel gehad dat Israel nie die verlossingsdaad van hulle troue Verbondsgod vergeet nie. Die seremoniële gebruike, soos die ongesuurde brood, die paaslam wat in geheel opgeëet moes word, ensovoorts, moes hulle herinner daaraan dat hulle só vasgevang was in die huis van slawerny dat hulle verlossing ’n absolute wonderwerk was.

Hierdie wonderbare velossingsdaad van God word ook in Psalm 124:7 beskryf as ’n voël wat in ’n wip/vangnet gevang is, en dan breek die vangnet onverklaarbaar en onverwags. “... die vangnet is gebreek, en ons, ons het vrygeraak.” Mag ons die feit dat ons, magteloos vasgevang in ons sonde-ellende, en toe – wat ’n wonderbare genade! – verlos is in en deur ons HERE, Jesus Christus, hierdie verlossing nooit vergeet nie! Ja, die Ou-Testamentiese seremonies en seremoniële wette is met Christus se kruisdood tot ’n einde gebring, maar ons dankbaarheid kan nooit ophou nie! Steeds het die HERE ’n blymoedige gewer lief (2 Kor. 9:7)! Ons gee ons dankoffers, ons gawes, juis om ons dank aan God te betoon vir die verlossing uit die mag van die sonde en die ewige dood. Al die seëninge wat ons uit sy hand ontvang, herinner ons daaraan dat ons die grootste van alle seën reeds en onverdiend ontvang het.

Gee dan uit die rykdom van die HERE se genade aan jou, ook jou dankoffer. Gee ooreenkomstig sy seëninge!

Sing: Psalm 118-1:13

Ds. LSD du Plessis (Lourens) (Groblersdal)